
# GEROEP *gevorm* GESTUUR

## Teologiese Opleiding in die NG Kerk



'n Inligtingblad van die Algemene Kuratorium

# 1 | Inleiding

Die Algemene Kuratorium het in 2022 opdrag van die Algemene Sinode Moderamen ontvang om Kerklike Opleiding (voorheen Kerkeie Opleiding) te standaardiseer tussen die Seminaria by die vyf opleidingsentra wat by die kerk geakkrediteer is[1]. As 'n eerste tree tot die standaardisering van Kerklike Opleiding gee die Algemene Kuratorium in hierdie inligtingstuk verslag van die inhoud en ook metode van Kerklike Opleiding. Die titel van die inligtingstuk is betekenisvol: Geroep, Gevorm en Gestuur.

In hierdie handleiding word die volgende uitgespel:

- Hoe die **roete** wat 'n student volg lyk, vandat die student bewus geword het van 'n roeping om as ampsdraer van die kerk opgelei te word. Kerklike Opleiding begin by die bevestiging van die roeping van 'n student en vandaar stap die onderskeie Seminaria (die opleidingsinstellings van die onderskeie Kuratoria) 'n pad met die student totdat die student bevestig of gelegitimeer word.
- Die **onderrig benadering of pedagogie** van Kerklike Opleiding. Kerklike Opleiding sluit in die vorming van die student se roeping en spiritualiteit (Etos); die ontwikkeling van kennis oor die kerk se leer en geskiedenis (Logos); en die student se vermoë om in die gemeente en gemeenskap te kan dien (Patos) in.
- 'n Volledige uiteensetting van die **uitkomste of kapasiteite** waarop Teologiese Opleiding van die NG Kerk fokus. Hierdie is 'n verdere verwerking van die Raamwerk vir Bedieningsvorming wat in 2019 deur die Algemene Sinode goedgekeur is. 'n Uiteensetting van die teologiese fokuspunte van Kerklike Opleiding word ook gegee. Daar word ook verduidelik hoe dit verskil t.o.v. die verskillende bane van opleiding:
- Die **ampsbevoegdheid** van die verskillende bane.
- **Voortgesette Bedieningsontwikkeling** (VBO).
- **Kontak besonderhede** van die onderskeie Kuratoria waar studente kan aanmeld.

Mag hierdie inligtingstuk lidmate van die NGK wat geroep is deur die Drie-enige God inspireer om opgelei te word vir hulle dienswerk.

**DR FREDERICK MARAIS**
*Voorsitter van die Algemene Kuratorium*

[1] Die Universiteit van Pretoria, die Universiteit van Stellenbosch, die Universiteit van die Vrystaat, Hugenote Kollege, en die Namibiese Evangeliese Teologiese Seminarium.

# 2 | Roetekaart vir Teologiese Opleiding in die NG Kerk

Persone wat geroep is tot bediening in die NG Kerk volg die onderstaande roetekaart van aanmelding tot by legitimasie in een van die NG Kerk se bedieningsbane.

**AANMELDING**
Voornemende studente meld vanuit gemeentes by die verskillende Kuratoria van die NG Kerk aan.

**ROEPINGSONDERSKEIDING**
Onderskeidende roepingsgesprekke word met voornemende studente en die gemeentes wat hulle stuur – en saam met hulle gaan reis – gevoer. Daar word onder andere gefokus op persone se geloofspad, roepingsverhaal, bedieningspassies en -gawes, en die moontlike bedieningsbaan waartoe persone geroep is.

## Akademiese Opleiding

**AANSOEK BY AKADEMIESE VENNOOT**
Aansoek word by een van die geakkrediteerde akademiese instellings/opleidingsentra van die NG Kerk gedoen: die Universiteit van Pretoria, die Universiteit van Stellenbosch, die Universiteit van die Vrystaat, Hugenote Kollege, en die Namibiese Evangeliese Teologiese Seminarium.

**REGISTRASIE BY AKADEMIESE VENNOOT**
Registrasie vind by een van die geakkrediteerde akademiese instellings/opleidingsentra van die NG Kerk plaas.

**AKADEMIESE OPLEIDING**
Studente voltooi – ooreenkomstig die bedieningsbaan waarin hul opgelei word – die akademiese programme wat deur een van die geakkrediteerde akademiese instellings/opleidingsentra van die NG Kerk aangebied word.

## Kerklike Opleiding

**AANSOEK BY DIE KURATORIUM**
Aansoek word by die verskillende Kuratoria van die NG Kerk gedoen om 'n student van die NG Kerk te word. Kerklike keuring vind plaas.

**REGISTRASIE BY SEMINARIUM**
Aanvaarde kerklike studente registreer by die onderskeie Seminaria van die NG Kerk om die Program in Bedieningsvorming te voltooi. *

**KERKLIKE OPLEIDING**
Studente voltooi – ooreenkomstig die bedieningsbaan waarin hul opgelei word – die NG Kerk se Program in Bedieningsvorming wat deur die verskillende Seminaria aangebied word. Met die voltooiing van Kerklike Opleiding ontvang studente 'n Kerkelike Sertifikaat van die Algemene Kuratorium.

**LEGITIMASIE**
Ná die suksesvolle voltooiing van beide die Kerklike en Akademiese opleidingsprogramme word studente in een van die Bedieningsbane van die NG Kerk gelegitimeer.

**VOORTGESETTE BEDIENINGS ONTWIKKELING (VBO)**

* In die geval van die Kuratorium in Pretoria word Kerklike Opleiding gedoen in die Program van Kerkeie Opleiding.

# 3 | Pedagogie vir kerkeie ontwikkeling in die Seminaria

In 2015 het die Algemene Sinode gevra dat die Kuratorium die Profiel van die Afgestudeerde Student verwerk in terme van missionale kapasiteite. Om studente hierin te vorm word die "retoriese" struktuur toegepas. Ons gebruik 'n retoriese struktuur sodat geroepenes bemagtig sal word om in die praktyk missionale kapasiteite te ontwikkel. Die retoriese struktuur sluit die volgende aspekte in:

**ETOS** – Ontwikkeling van die persoon (Wie ek is en word)

**LOGOS** – Verstaan van die boodskap (Wat en hoe ek glo)

**PATOS** – Deernis met die konteks (Wie en hoe ek dien)

Hierdie retoriese struktuur van Etos, Logos en Patos vorm die raamwerk vir die vorming van sestien missionale kapasiteite. Hierdie kapasiteite word as volg uitgebeeld:



In die kerkeie ontwikkeling het die pedagogie (opvoedkunde/ontwikkeling) ten doel om die sestien missionale kapasiteite te beliggaam. Hierdie kapasiteite word dan deur studente oorgedra na die gemeentes en gemeenskappe waarin die bedienaar as missionale dissipel as voorbeeld leef. Hierdie is 'n lewenslange taak van groei wat daarom ook implikasies vir VBO (Voortgesette Bedieningsontwikkeling het).

Die pedagogiese uitgangspunte wat gebruik word in dié ontwikkeling is:

- Die retoriese raamwerk van etos/logos/patos.
- Verskillende kontekste (of gemeenskappe van praktyk): mentors, klaskamer en studie, leergemeenskappe, retreats, deelname in gemeente en deelname in gemeenskap.
- Daar is verskillende vlakke van ontwikkeling in die verskillende opleidingsbane.
- Die sestien kapasiteite met hulle beskrywing en logo.
- Die ontwikkeling van kapasiteite (basis kennis, houdings en gesindhede, vaardighede en oordraagbare gewoontes).

Om kapasiteite te ontwikkel word die pedagogiese proses verdeel in vier interafhanklike elemente wat visueel as volg uitgebeeld kan word.




Hierdie kwadrant is deur Ellison[2] ontwikkel as 'n manier om die wisselwerking van die elemente uit te beeld sodat kapasiteite kan ontwikkel.

## BASIS KENNIS

Omdat die kerklike opleiding in parallel met die akademiese program aangebied word is dit belangrik om nie 'n pedagogie van klasgee te dupliseer in die kerklike opleiding nie. In die oorspronklike Raamwerk voorstel word 'n onderskeid tussen die terme ontwikkeling en opleiding gemaak. Waar ontwikkeling 'n meer holistiese term is.

[2] Ellison, P. 2009. Doing Faith-Based conversation: Metaphors for congregations and Their Leaders. In Testing the Spirits: How Theology Informs the Study of Congregations. Grand Rapids, Mich.: Eerdmans. 159–179.

Omdat die ontwikkeling van kapasiteite nie net 'n kognitiewe teoretiese pedagogie is nie, is die ontwikkeling van die kapasiteite geanker in basis kennis, en is dit daarom nader aan Polyani se tacit knowledge wat 'n kennis is wat beliggaam is. In bogenoemde skets word hierdie basis kennis ook in die oorvleuelings met die ander kwadrante sigbaar. Daar is basis kennis in die ingesteldheid (houdings en gesindhede), vaardighede en oordraagbare gewoontes ook nodig. Daar word telkens op die basis kennis uitgebrei soos die ander elemente ingeoefen en beliggaam word.

## VAARDIGHEDE

Kerklike ontwikkeling het ten doel om die vaardighede te bemeester en te ontwikkel om sodoende gevorm te word dat behendigheid ook later oorgedra kan word aan ander. Om hierdie vaardighede te ontwikkel voorveronderstel 'n pedagogie wat die volgende elemente bevat[3]:

- Die pedagogie is vormend en as dissipels volg almal (student en dosent) God wat die aktiewe leermeester is. Ons leer daarom vanuit praktyke van geestelike vorming.
- Ons fokus op deelname en nie die oordrag van 'n ekspert nie. Vaardighede word ontwikkel wanneer die persone met die *tacit knowledge* aktief deelneem aan groepswerk en die groep se gesamentlike leer fasiliteer. Die "ekspert" is ook deel van die leerproses en daarom ook 'n leerder wat die fasilitering verfyn soos die klas se unieke kontekste en vrae gebruik word om die vaardighede oor te dra. Richard Sennett verduidelik die wisselwerking tussen diegene met *tacit knowledge* wat leer om dit beskikbaar te maak vir ander: "In learning a skill, we develop a complicated repertoire of such procedures. In the higher stages of skill, there is a constant interplay between tacit knowledge and self-conscious awareness, the tacit knowledge serving as an anchor, the explicit awareness serving as critique and corrective" (Sennett, 2009: 50)[4].
- Die pedagogie is deelnemend. Dit word in groepe aangebied met 'n aksie-reflekse beweging wat die deelnemers geleentheid gee om self die vaardigheid in te oefen en dan met 'n groep daaroor te reflekteer.
- Oordrag aan 'n gemeente vir deelname in die gemeenskap word altyd voor oë gehou.
- Die pedagogie fokus op die kern teologiese begronding (habitus), die omgewing waarin geleer word (habitat) en ook die gewoontes wat gevestig word (habituation) sodat ander die gewoontes kan beoefen (habits). Dit is op hierdie vlak waar die missionale pedagogie ten doel het om oordraagbare gewoontes te vorm.

## INGESTELDHEID (GESINDHEDE EN HOUDINGS)

In die raamwerkdokument word gesindhede en houdings beskryf onder die versamelnaam ingesteldheid. Op hierdie vlak kan daar gedink word aan die positiewe aspekte (deugde) van ingeoefende kapasiteite. Daar kan ook geïdentifiseer word watter negatiewe ingesteldhede oorkom moet word (ondeug). Hierdie gesindhede en houdings word sigbaar wanneer daar aktief aan die pedagogiese moment deelgeneem word. So kan ingesteldhede bv. van monoloog skuif na dialoog en onleerbaarheid na leerbaarheid.

## OORDRAAGBARE GEWOONTES

In die ontwikkeling van 'n gewoonte is die proses van *habituation* van kardinale belang. Onderliggend aan hierdie proses het elke pedagogiese proses 'n model van verandering in gedagte. Wanneer hierdie model slegs kognitief is kan oordraagbare gewoontes nie gevorm word nie. Praktyke wat ingeoefen word, word gewoontes. Daarom is kapasiteitsontwikkeling tydsaam en het ten doel om nuwe gewoontes te vorm. Elkeen van die sestien kapasiteite word daarom ook ontwikkel deur die inoefening van spesifieke praktyke wat dan oordraagbare gewoontes kan word.

Elkeen van die sestien kapasiteite werk met hierdie pedagogie en het ten doel om die studente in die verskillende opleidingsbane te help met die ontwikkeling van etos, logos en patos. Omdat dit 'n lewenslange proses is, word daar voortdurend as leergemeenskap nuwe ontdekkings gemaak en word kapasiteite verdiep.

---

[3] Burns, S. 2017. Missional practices: You learn so as to live, in C. Burger, F. Marais, & D. Mouton (eds.). Cultivating Missional Change: The Future of Missional Churches and Missional Theology, Bible Media Biblecor.

[4] Richard Sennet, Craftsman, p. 50.

# 4 | Bedieningskapasiteite

Die Bedieningskapasiteite is die uitkomste waarop Kerklike Opleiding fokus. Met hierdie uitkomste in gedagte word die leerplanne van die Seminaria ontwikkel. Die onderskeie Seminaria se leerplanne mag op plekke van mekaar verskil. Die uitkomste is egter gestandaardiseer soos wat hieronder verduidelik word.

Kapasiteit **E1**

## LEEF AS VERLOSTE AFHANKLIK VAN GOD

*Aanvaarding van broosheid en afhanklikheid van God*

| BEDIENAARS | DIENSLERAARS | LERAARS |
|---|---|---|
| **KENNIS:** Beskik oor sondebesef en kennis van die verlossing in Christus.<br><br>**KENNIS:** Verstaan van God lei tot verstaan van self.<br><br>**KENNIS:** Verstaan hoe jy en ander verander en groei.<br><br>**INGESTELDHEID:** Besef afhanklikheid van Christus en leef in dankbaarheid.<br><br>**VAARDIGHEID:** Kan my geloofsverhaal gestruktureerd vertel.<br><br>**VAARDIGHEID:** Erken en verwerk verwondheid op emosioneel volwasse wyse.<br><br>**VAARDIGHEID:** Skryf van Joernaal. (Die skryf van jou storie help met die verstaan dat dit God se storie met jou is.)<br><br>**GEWOONTE:** Ken eie Spiritualiteit. | **KENNIS:** Beskik oor sondebesef en kennis van die verlossing in Christus.<br><br>**KENNIS:** Verstaan van God lei tot verstaan van self.<br><br>**KENNIS:** Verstaan hoe jy en ander verander en groei.<br><br>**INGESTELDHEID:** Besef afhanklikheid van Christus en leef in dankbaarheid.<br><br>**VAARDIGHEID:** Kan my geloofsverhaal gestruktureerd vertel.<br><br>**VAARDIGHEID:** Erken en verwerk verwondheid op emosioneel volwasse wyse.<br><br>**VAARDIGHEID:** Kan ander hierin begelei.<br><br>**VAARDIGHEID:** Skryf van Joernaal. (Die skryf van jou storie help met die verstaan dat dit God se storie met jou is.)<br><br>**GEWOONTE:** Ken eie Spiritualiteit. | **KENNIS:** Beskik oor sondebesef en kennis van die verlossing in Christus.<br><br>**KENNIS:** Verstaan van God lei tot verstaan van self.<br><br>**KENNIS:** Verstaan hoe jy en ander verander en groei. Moet hierdie prosesse kan begelei.<br><br>**INGESTELDHEID:** Besef afhanklikheid van Christus en leef in dankbaarheid.<br><br>**INGESTELDHEID:** Soek verbondenheid aan Christus.<br><br>**VAARDIGHEID:** Kan my geloofsverhaal gestruktureerd vertel.<br><br>**VAARDIGHEID:** Erken en verwerk verwondheid/ trauma op emosioneel volwasse wyse.<br><br>**VAARDIGHEID:** Kan begelei en interpreteer vanuit die gereformeerde tradisie.<br><br>**VAARDIGHEID:** Die verstaan, gebruik en toepassing van die Genogram as hulpmiddel.<br><br>**VAARDIGHEID:** Skryf van Joernaal. (Die skryf van jou storie help met die verstaan dat dit God se storie met jou is.)<br><br>**GEWOONTE:** Ken eie Spiritualiteit. |

* **LET WEL**, Standplaasleraars word nie hier behandel nie, omdat daar na gelang van die konteks verskillende uitkomste is.

Kapasiteit **E2**

## EK IS EERLIK MET MYSELF

*Eerlike selfontmoeting en aanvaarding van groei-areas*

| BEDIENAARS | DIENSLERAARS | LERAARS |
|---|---|---|
| **KENNIS:** Verstaan die onderskeid tussen identiteit in Christus, ego en onvervulde emosionele behoeftes.<br><br>**KENNIS:** Verstaan Gereformeerde sisteem van oorsig (kerkreg). Aan wie is ek verantwoordbaar en vir wie is ek verantwoordelik.<br><br>**KENNIS:** Verhouding met God hou my verantwoordbaar.<br><br>**KENNIS:** Emosionele intelligensie.<br><br>**KENNIS:** Deugde moet ontwikkel word en dit gebeur in gemeenskap.<br><br>**KENNIS:** Vader, Seun en Heilige Gees is in gemeenskap. Ons is in God se beeld geskep, dus is ons ook in gemeenskap.<br><br>**INGESTELDHEID:** Bereidheid tot verantwoordbaarheid.<br><br>**INGESTELDHEID:** Bewus van groei-areas.<br><br>**INGESTELDHEID:** Afstand doen en stroop van sekere goed.<br><br>**INGESTELDHEID:** Aanvaarding van vergifnis. Word gesond omdat die Here ons vergewe.<br><br>**INGESTELDHEID:** Nederigheid: God gee aan my 'n leerbare gees.<br><br>**VAARDIGHEID:** Kan deelneem aan 'n mentorskap-verhouding.<br><br>**VAARDIGHEID:** Kan eerlike gesprek en terugvoer ontvang en verwerk.<br><br>**GEWOONTE:** Openheid en omarming van lewenslange leer. | **KENNIS:** Verstaan die onderskeid tussen identiteit in Christus, ego en onvervulde emosionele behoeftes.<br><br>**KENNIS:** Verstaan Gereformeerde sisteem van oorsig (kerkreg). Aan wie is ek verantwoordbaar en vir wie is ek verantwoordelik.<br><br>**KENNIS:** Verhouding met God hou my verantwoordbaar.<br><br>**KENNIS:** Emosionele intelligensie.<br><br>**KENNIS:** Deugde moet ontwikkel word en dit gebeur in gemeenskap.<br><br>**KENNIS:** Vader, Seun en Heilige Gees is in gemeenskap. Ons is in God se beeld geskep, dus is ons ook in gemeenskap.<br><br>**KENNIS:** Verstaan die proses van heiligmaking.<br><br>**INGESTELDHEID:** Bereidheid tot verantwoordbaarheid.<br><br>**INGESTELDHEID:** Bewus van groei-areas.<br><br>**INGESTELDHEID:** Afstand doen en stroop van sekere goed.<br><br>**INGESTELDHEID:** Aanvaarding van vergifnis. Word gesond omdat die Here ons vergewe.<br><br>**INGESTELDHEID:** Nederigheid: God gee aan my 'n leerbare gees.<br><br>**VAARDIGHEID:** Kan onderskei t.o.v. identiteit in Christus, ego en onvervulde emosionele behoeftes.<br><br>**VAARDIGHEID:** Kan funksioneer as mentor en word self ook gementor. | **KENNIS:** Verstaan die onderskeid tussen identiteit in Christus, ego en onvervulde emosionele behoeftes.<br><br>**KENNIS:** Verstaan Gereformeerde sisteem van oorsig (kerkreg). Aan wie is ek verantwoordbaar en vir wie is ek verantwoordelik.<br><br>**KENNIS:** Verhouding met God hou my verantwoordbaar.<br><br>**KENNIS:** Emosionele intelligensie.<br><br>**KENNIS:** Deugde moet ontwikkel word en dit gebeur in gemeenskap.<br><br>**KENNIS:** Vader, Seun en Heilige Gees is in gemeenskap. Ons is in God se beeld geskep, dus is ons ook in gemeenskap.<br><br>**KENNIS:** Verstaan die proses van heiligmaking.<br><br>**INGESTELDHEID:** Bereidheid tot verantwoordbaarheid.<br><br>**INGESTELDHEID:** Bewus van groei-areas.<br><br>**INGESTELDHEID:** Afstand doen en stroop van sekere goed.<br><br>**INGESTELDHEID:** Aanvaarding van vergifnis. Word gesond omdat die Here ons vergewe.<br><br>**INGESTELDHEID:** Nederigheid: God gee aan my 'n leerbare gees.<br><br>**INGESTELDHEID:** Weet wat is die groei wat in verskillende lewensfases moet plaasvind.<br><br>**VAARDIGHEID:** Kan ander leer oor die onderskeid tussen identiteit in Christus, ego en onvervulde emosionele behoeftes.<br><br>**VAARDIGHEID:** Kan funksioneer as mentor en word self ook gementor (Geestelike begeleiding). |

| BEDIENAARS | DIENSLERAARS | LERAARS |
|---|---|---|
| **GEWOONTE:** Kan leiding en toesig aanvaar binne oorsig-sisteem.<br><br>**GEWOONTE:** Om verbind te wees aan die inoefen en uitleef van geloofsgewoontes. | **VAARDIGHEID:** Eerlike gesprek en terugvoer te kan ontvang en verwerk.<br><br>**GEWOONTE:** Openheid en omarming van lewenslange leer.<br><br>**GEWOONTE:** Kan leiding en toesig aanvaar binne oorsig-sisteem.<br><br>**GEWOONTE:** Om verbind te wees aan die inoefen en uitleef van geloofsgewoontes. | **VAARDIGHEID:** Kan 'n verantwoordbaarheid-sisteem in die gemeente ontwikkel en lei.<br><br>**VAARDIGHEID:** Eerlike gesprek en terugvoer te kan ontvang en verwerk.<br><br>**VAARDIGHEID:** Kan groei deur blinde kolle. Dit moet lei tot transformasie.<br><br>**GEWOONTE:** Openheid en omarming van lewenslange leer.<br><br>**GEWOONTE:** Kan leiding en toesig aanvaar binne oorsig-sisteem.<br><br>**GEWOONTE:** Ontwikkeling van 'regula'. Om verbind te wees aan die inoefen en uitleef van geloofsgewoontes. |

Kapasiteit **E3**

## EK LEEF VANUIT MY ROEPING

*'n Duidelike bewussyn en verstaan van eie roeping*

| BEDIENAARS | DIENSLERAARS | LERAARS |
|---|---|---|
| **KENNIS:** Verstaan dat God mense roep tot sy diens en waarvoor ek geroep is.<br><br>**KENNIS:** Bybelse roepingsverhale ken.<br><br>**KENNIS:** Deelname aan God se koninkryk.<br><br>**INGESTELDHEID:** Openheid en bereidwilligheid om te wag en te luister na die Woord en Gees.<br><br>**INGESTELDHEID:** Die vermoë om deurskynend te wees, sodat Jesus gesien kan word (Om nie jouself te ernstig op te neem nie).<br><br>**VAARDIGHEID:** Deelname aan geloofsonderskeidende roepingsontwikkeling vir myself en die gemeente. | **KENNIS:** Verstaan dat God mense roep tot sy diens en waarvoor ek geroep is.<br><br>**KENNIS:** Bybelse roepingsverhale ken.<br><br>**KENNIS:** Deelname aan God se koninkryk.<br><br>**INGESTELDHEID:** Openheid en bereidwilligheid om te wag en te luister na die Woord en Gees.<br><br>**INGESTELDHEID:** Vermoë om waagmoed te hê vir die roeping wat die Here het vir jou.<br><br>**INGESTELDHEID:** Die vermoë om deurskynend te wees, sodat Jesus gesien kan word (Om nie jouself te ernstig op te neem nie). | **KENNIS:** Verstaan dat God mense roep tot sy diens en waarvoor ek geroep is.<br><br>**KENNIS:** Bybelse roepingsverhale ken.<br><br>**KENNIS:** Deelname aan God se koninkryk.<br><br>**INGESTELDHEID:** Openheid en bereidwilligheid om te wag en te luister na die Woord en Gees.<br><br>**INGESTELDHEID:** Vermoë om waagmoed te hê vir die roeping wat die Here het vir jou.<br><br>**INGESTELDHEID:** Die vermoë om deurskynend te wees, sodat Jesus gesien kan word (Om nie jouself te ernstig op te neem nie).<br><br>**INGESTELDHEID:** Hê 'n eskatologiese uitkyk. |

| BEDIENAARS | DIENSLERAARS | LERAARS |
|---|---|---|
| **VAARDIGHEID:** Kan die toekoms nuut verbeel deur onderskeidende gewoontes.<br><br>**VAARDIGHEID:** Het 'n verstaan van God se Missio Dei.<br><br>**VAARDIGHEID:** Leer om Godsvrae te vra.<br><br>**VAARDIGHEID:** Sien raak hoe figure in die Bybel innoverend/kreatief/met verbeelding praat en doen. | **VAARDIGHEID:** Deelname aan geloofsonderskeidende roepingsontwikkeling vir myself en die gemeente.<br><br>**VAARDIGHEID:** Kan die toekoms nuut verbeel deur onderskeidende gewoontes.<br><br>**VAARDIGHEID:** Kan roeping in die bedienings area identifiseer en verwoord.<br><br>**VAARDIGHEID:** Ontwikkel verbeelding ten opsigte van die gemeente se deelname aan die Missio Dei.<br><br>**VAARDIGHEID:** Leer om Godsvrae te vra.<br><br>**VAARDIGHEID:** Om innoverend/profeties/kreatief/met verbeelding te kan dink, praat en doen.<br><br>**VAARDIGHEID:** Begelei gemeente om te kan luister. | **INGESTELDHEID:** Om 'n balans tussen die verstaan en dink oor die toekoms en verlede te hê, want daarin lê hoop.<br><br>**VAARDIGHEID:** Deelname aan geloofsonderskeidende roepingsontwikkeling vir myself en die gemeente.<br><br>**VAARDIGHEID:** Kan die toekoms nuut verbeel deur onderskeidende gewoontes.<br><br>**VAARDIGHEID:** Gee leiding aan die geloofsonderskeidende roepingsontwikkeling van die gemeente en spesifiek ook die kerkraad.<br><br>**VAARDIGHEID:** Ontwikkel verbeelding ten opsigte van die gemeente se deelname aan die Missio Dei.<br><br>**VAARDIGHEID:** Leer om Godsvrae te vra.<br><br>**VAARDIGHEID:** Om innoverend/kreatief/met verbeelding te kan dink, praat en doen.<br><br>**VAARDIGHEID:** Begelei gemeente om te kan luister.<br><br>**VAARDIGHEID:** Dra die roeping van die gemeente.<br><br>**VAARDIGHEID:** Wees bewus van die positiewe en negatiewe invloed van verskillende kulture in die gemeente en wêreld.<br><br>**GEWOONTE:** Om visionêr te kan dink. |

Kapasiteit **E4**

## EK BEOEFEN GEWOONTES VAN GELOOF

*Vermoë om deel te neem aan die intensionele aanleer en beoefening van missionale geloofsvormende gewoontes*

| BEDIENAARS | DIENSLERAARS | LERAARS |
|---|---|---|
| **KENNIS:** Het kennis van verskillende geloofsgewoontes.<br><br>**KENNIS:** Verstaan tradisie waarin jy staan.<br><br>**KENNIS:** Moet dissipels kan maak.<br><br>**KENNIS:** Weet hoe liturgie spiritualiteit bemiddel.<br><br>**INGESTELDHEID:** Bereidwilligheid om gevorm te word binne 'n struktuur van verantwoordbaarheid.<br><br>**VAARDIGHEID:** Kan deelneem aan 'n geloofsvormende proses.<br><br>**VAARDIGHEID:** Verbind geloofsvorming en liturgie.<br><br>**VAARDIGHEID:** Lewensritmes vorm en inoefen.<br><br>**VAARDIGHEID:** Word wat jy in Christus is. | **KENNIS:** Het kennis van verskillende geloofsgewoontes.<br><br>**KENNIS:** Verstaan tradisie waarin jy staan.<br><br>**KENNIS:** Verander my 'verlanges'.<br><br>**KENNIS:** Moet dissipels kan maak.<br><br>**KENNIS:** Weet hoe liturgie spiritualiteit bemiddel.<br><br>**KENNIS:** Verstaan hoe geloofsvorming werk.<br><br>**INGESTELDHEID:** Bereidwilligheid om gevorm te word binne 'n struktuur van verantwoordbaarheid.<br><br>**INGESTELDHEID:** Skep van en deelname aan bemoedigende groepe. (Vermoë om vriende te maak en om 'n vriend te wees, soos Christus van ons sy vriende gemaak het.)<br><br>**INGESTELDHEID:** Doelbewuste skep van omgewings of deelname aan omgewings waar geloofsgewoontes ingeoefen en aangesteek kan word.<br><br>**VAARDIGHEID:** Kan deelneem aan 'n geloofsvormende proses.<br><br>**VAARDIGHEID:** Kan mense in eie bedieningsveld begelei in hulle geloofsvorming.<br><br>**VAARDIGHEID:** Tradisie moet praktyk beïnvloed.<br><br>**VAARDIGHEID:** Verbind geloofsvorming en liturgie.<br><br>**GEWOONTE:** Lewensritmes vorm en inoefen. | **KENNIS:** Het kennis van verskillende geloofsgewoontes.<br><br>**KENNIS:** Verstaan tradisie waarin jy staan.<br><br>**KENNIS:** Verander my 'verlanges'.<br><br>**KENNIS:** Moet dissipels kan maak.<br><br>**KENNIS:** Weet hoe liturgie spiritualiteit bemiddel.<br><br>**KENNIS:** Verstaan hoe geloofsvorming werk.<br><br>**KENNIS:** Ondersoek en leer by ander tradisies.<br><br>**INGESTELDHEID:** Bereidwilligheid om gevorm te word binne 'n struktuur van verantwoordbaarheid.<br><br>**INGESTELDHEID:** Skep van en deel-name aan bemoedigende groepe. (Vermoë om vriende te maak en om 'n vriend te wees, soos Christus van ons sy vriende gemaak het.)<br><br>**INGESTELDHEID:** Doelbewuste skep van omgewings of deelname aan omgewings waar geloofsgewoontes ingeoefen en aangesteek kan word.<br><br>**VAARDIGHEID:** Kan deelneem aan 'n geloofsvormende proses.<br><br>**VAARDIGHEID:** Kan mense in die gemeente begelei in hulle geloofsvorming.<br><br>**VAARDIGHEID:** Tradisie moet praktyk beïnvloed.<br><br>**VAARDIGHEID:** Verbind geloofsvorming en liturgie.<br><br>**VAARDIGHEID:** Kan 'n geloofsvormende proses in die gemeente ontwikkel en begelei.<br><br>**VAARDIGHEID:** Kan regula ontwikkel. |

| BEDIENAARS | DIENSLERAARS | LERAARS |
|---|---|---|
| | **GEWOONTE:** Word wat jy in Christus is. | **GEWOONTE:** Lewensritmes vorm en inoefen.<br><br>**GEWOONTE:** Word wat jy in Christus is. |

Kapasiteit **L1**

## EK ONDERSOEK EN INTERPRETEER DIE BYBEL

*Bybelse eksegetiese en hermeneutiese vaardighede*

| BEDIENAARS | DIENSLERAARS | LERAARS |
|---|---|---|
